


# Week 7

# VLOA-OPSOMMING

| | |
|---|---|
| Welstand | • Maats leer van gesonde familie-verhoudings.<br>• Hulle leer dat families verskil en dat ons fokus nie op ons familie se struktuur moet val nie, maar eerder ons familie se verhoudings moet val.<br>• Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knyp, druk, manipulasie, plak, verf, knip en vashou van onderskeie materiale. |
| Identiteit en samehorigheid | • Maats leer wat hulle rol as liefdevolle familielid is.<br>• Maats leer om die strukture van verskillende maats se families te respekteer.<br>• Kleuters word die geleentheid gegun om hulself uit te druk tydens sirkelsessies, bybelstorie en lesbesprekings.<br>• Selfstandigheid en verantwoordelikheid word bevorder deur die daaglikse roetine wat toegepas word en die uitdeel van werkies en verantwoordelikhede, soos om op te ruim, kunswerke volgens juffrou se instruksies te voltooi ens. |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters "lees" saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema. Tydens hierdie "leeservaring" word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• 'n Gediggie en stories word geluister, gedramatiseer en bespreek.<br>• Maats kleur met waskryte in en "skryf" hulle name op hulle kunswerke.<br>• Juffrou vra deurlopend vir maats vragies wat hulle moet beantwoord. |
| Verken wiskunde | • Die nommer "drie" word vir die week behandel. Maats moet tot by drie tel.<br>• Maats oefen om tel wanneer hulle pom-poms aftel.<br>• Maats leer hierdie week van die kleur "groen".<br>• Maats leer dat kleure vermeng kan word om ander kleure te vorm.<br>• Maats leer van die vierkant (die vorm hierdie week).<br>• Klere word op grond van hul kleur, funksie ens. gesorteer. |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings wat opgelos moet word, word deur middel van die week se storie en aktiwiteite aan maats gestel.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om 'n skêr, kryt en kwas vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het.<br>• Maats dramatiseer 'n kort gedig en storie. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Maats leer van gesinstruktuur en -verhoudings.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne.<br>• Kleuters voltooi skeppende manipulasie-take soos die gesinslede wat hulle uit roomysstokkies maak. |

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Nommer van die week: ***Drie (3)***
- Vorm van die week: ***Vierkant***
- Kleur van die week: ***Groen***

# SIRKELSESSIE
*Van die week*

***Maats moet daagliks die vorm met hul vingers in die lug vorm/skryf en moet tot by 3 tel terwyl hulle ritmies hande klap.***

## Sirkelbespreking van die week



Ontmoet vir:



# Gawie-Groen

# GAWIE-GROEN *(Die storie)*

Gawie Groen woon in ’n pragtige grasgroen woud. Alles in hierdie woud is groen. Die sagte liggroen gras waarop Gawie soms lê is groen. Die mos is groen. Die blare van die groot bome wat soos ’n groen dak die hele woud bedek is ook groen.

Gawie-Groen dink elke dag daaraan hoe gelukkig hy is om in die Groen-woud te woon. Hier lewe almal in vrede en gee om vir mekaar. Hy is juis oppad om klein groen appeltjies vir die feetjie, Grietjie te neem. Gawie hou baie van Grietjie en wanneer hy ’n kansie kry, probeer hy om vir Grietjie te sien. Verlede week het hy vir haar 'n kransie vir haar hare geneem wat hy van ’n wilgerboom se sagte groen takkies en blaartjies gevleg het. Toe hy dit op haar koppie gesit het, het sy bloedrooi gebloos.

Grietjie hou ook baie van Gawie-Groen. Sy onthou die dag toe hulle nog op skool was en Gawie vir haar 'n groen versierde kolwyntjie gegee het. Van daardie dag af het sy geweet dat sy van Gawie hou.

Terwyl Gawie so na Grietjie toe stap met die mandjie vol groen appeltjies, dink hy daaraan dat hy een van die dae vir Grietjie gaan vra om met hom te trou. Dink net hoe mooi sal dit klink – Gawie en Grietjie Groen. Gawie-Groen glimlag so by homself terwyl hy verby ’n groot groen brulpadda stap wat op ’n groen waterlelieblaar sit en die groen naaldekoker dophou wat so heen en weer oor sy groen kop vlieg.

**Vertoon hierdie week vir Gawie-Groen in die klas**

Maats kan die ganse week vir Gawie-Groen groen kossies gee om te “eet”. Hulle kan groen speelgoed bring waarmee sy kan “speel”. Hy kan ’n groen bal of karretjie ens. kry. Moedig maats aan om gepaste groen items vanuit die klas of van die huis af vir Gawie-Groen te bring.

**Probeer hierdie week om GROEN verf, klei ens. in aktiwiteite te gebruik sodat maats geleenthede het om die kleur te identifiseer.**

**Vra deurgaans vir maats watter kleur die verf, klei ens. is.**




Mollie




3
Mollie

# Bybel-illustrasies



**Visuele prosessering:** Daar is TWEE boeties in die prentjie / Mamma staan AGTER Jakob / Die kombers is GEEL

Abraham en Sara se seun, Isak, het groot geword en toe die tyd reg was het hy met 'n vrou getrou. Haar naam was Rebekka gewees.

Isak en Rebekka het 'n tweelingseuns gehad. Dit beteken dat hulle twee seuntjies gehad het wat op dieselfde dag gebore is. Hulle name was Jakob en Esau.

Pappa Isak het baie van sy seun, Esau, gehou omdat hy 'n goeie jagter was. Hy kon baie goed met sy pyl en boog skiet. Mamma Rebekka het weer meer van Jakob gehou omdat hy 'n stil en rustige seun was wat eerder by sy mamma by die huis gebly het.

Toe die tweeling oud genoeg was om te trou, het Esau getrou. Hy het met twee vroue vanuit die land Kanaan getrou. Sy pappa en mamma was baie hartseer want hierdie vrouens was nie lief vir God nie. Hulle het nie vir God geken en of gebid nie. Pappa Isak en Mamma Rebekka wou graag gehad het dat hulle seuns met vrouens moes trou wat lief vir God was.

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wat was Isak en Rebekka se seuns se name?
- Dink julle dit is reg as 'n pappa of 'n mamma meer van een kind as van 'n ander hou?

# Bybelles

*Isak en Rebekka*

# DAG 1-2

## Woordeskat-ontwikkeling

**Tweeling**

Twee kinders wat op dieselfde dag gebore is

**Jagter**

Iemand wat diertjies jaag en doodmaak vir kossies

**Pyl-en-boog**

'n Wapen van hout wat gebruik word om te jag

**Lewensles:**

*Pappas en mammas mag nie meer van een kind as 'n ander hou nou*

# Bybelles

## Jakob en Esau

# DAG 3-4

Eendag het Esau gaan jag. Toe hy terugkom was hy baie honger. Sy boetie, Jakob, was besig om lekker warm kossies te eet wat hy gemaak het. Esau het vir Jakob gevra of hy ook so bietjie van die lekker kos kon kry. Jakob sê toe Esau: "Ja, jy kan van my kossies kry kry, maar ek soek iets in ruil daarvoor. Die honger Esau sê toe vir Jakob: "Jakob, as jy vir my van jou lekker kossies gee, sal ek vir jou alles gee wat pappa eendag vir my gaan gee." In daardie jare het 'n pappa alles wat hy gehad het vir sy oudste seun gegee voordat hy dood gegaan het. Dit is 'n eersgeboortereg genoem. Esau het sy hele eersgeboortereg toe net so vir Jaskob gegee. Maatjies, as jou pappa eendag vir jou sy huisie en sy kar en alles wat hy het wou gee, sou jy dit ook weggee vir ietsie so kleins soos 'n bordjie kos? Dit is mos nie 'n goeie plan nie! Maar dit is presies wat die dwase Esau gedoen het!

### Woordeskat-ontwikkeling

**Ruil**

As ons vir iemand iets gee en hulle gee vir ons iets

**Reg**

Iets wat jy MOET kry is jou reg

**Weggee**

Om iets wat ons by iemand gekry het vir iemand anders te gee

### Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wat wou Esau by Jakob hê?
- Het Jakob vir Esau van sy kossies gegee?
- Wat sou Esau vir Jakob gee as hy 'n bietjie van sy kossies kon kry?
- Was dit slim van Esau om sy eersgeboortereg net so weg te gee?

### Lewensles

Ons moet dit wat God of ons ouers vir ons gee oppas

# DAG 5

Toe Isak was en vir sy oudste seun, Esau, al sy goedjies moes gee, het hy vir Esau geroep. Hy wou vir Esau seën en sy eersgeboortereg gee. As hy vir Esau sou seën sou dit beteken dat Esau al sy goedjies sou kry of erf. Maar onthou julle Esau het eintlik vir sy boetie, Jakob, sy eersgeboortereg belowe? Mamma Rebekka het dit onthou. Sy roep toe vir Jakob en sê vir hom hy moet bokvelle aan sy arms vasmaak sodat hy net so harig soos sy boetie, Esau, kon voel. Pappa Isak was blind omdat hy oud was en toe hy aan Jakob se "harige" arms vat, het hy gedink dat Jakob sy boetie, Esau, was. Toe seën hy vir Jakob!

### Hersiening

**Herhaal terme**


Tweeling/Jagter/Pyl-en-boog/Ruil/Reg/Weggee

### Lewensles


Ons mag nie steel of vir ons ouers jok nie!

# TEMA

*(Gedig, lied en storie)*



Hier is my pappa, fris met 'n baard,
vir my het hy altyd goeie raad.
Hier is my mamma so mooi,
met haar lippies bloedrooi.
Hier is my baba-sussie klein en sag,
met 'n oop mondjie wat lekker lag.
En hier is ek,
in die middel, op my plek.







## GEDIGGIE VAN DIE WEEK

*My familie (CD)*

***Die gedig illustreer vir maats dat families mammas, pappas, boeties en sussies kan hê.***

***Laat maats die gediggie dramatiseer.***

***Bespreek deurgaans die klanke wat maats in die gedig hoor.***

## LIEDJIE VAN DIE WEEK *Party families (CD)*

**Die liedjie leer vir maats wat families vir mekaar moet beteken. "Families het lief, families verstaan... Families staan saam." ens.**

## STORIE VAN DIE WEEK

*Ouma en oupa kom kuier (CD)*

***Hierdie week is Mollie opgewonde want ouma en oupa kom kuier. Die familie kuier saam en Mollie besef watter unieke rolle al sy familielede in sy lewe speel. Hy besef hoe gelukkig hy is om 'n familie te hê en verwonder hom dankbaar aan sy gesin.***

***Luister elke dag 'n stukkie van die storie en vra vir maats na afloop daarvan wat hulle dink die volgende dag in die storie gaan gebeur (kritiese- en kreatiewe denke).***

***Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

***Op dag vyf kan maats die storie self dramatiseer of hul eie variasies daarvan weergee.***

# TEMATAFEL *('n Stoorboks)*

## TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*Hierdie week pak ons daagliks 'n stoorboks uit.*
*Gebruik die handpop en pak die boks stuk-stuk saam met maatjies uit!)*

**Let op: Hierdie week moet die tematafel los prentjies van 'n mamma, pappa, boetie en sussie bevat. Daar moet ook fotos wees waarop verskillende gesinstrukture uitgebeeld word. Mollie se gesin kan ook uitgebeed word.**

Mollie en pappa pak vandag die stoor reg. Hulle skuif alles rond en gooi die ou goed wat in die stoor staan weg. In die hoek van die stoor staan daar 'n ou boks. Mollie stap nader en tel die boks op. "Wat is hierin?", wonder hy. Hy druk sy hand in die stowwerige boks en haal 'n **lang string krale** uit. Dit lyk soos mamma s'n. Dit is pragtig. Kom ons kyk hoe mamma se krale gelyk het? *(Haal **groot krale en veters** uit die boks. Laat maats die krale nou oor die veters ryg. Die geleentheid kan gebruik word om maats in patrone te laat ryg. Krale kan ook volgens kleur sorteer word alvorens dit geryg word. Hou maats fyn dop sodat hulle nie die elemente in hul monde moet sit nie. Sit 'n string voltooide krale voor die foto van Mamma Muis op die tema-tafel neer.)*

Toe Mollie klaar Mamma se krale mooi gebêre het, druk hy weer sy handjie in die boks. Hierdie keer haal hy 'n groot klomp pom-poms uit die boks uit. "Hier is al die pom-poms wat mamma altyd aan Mia Muis se mussies vaswerk." Daar is baie van hulle. Mollie besluit om hulle almal in 'n houer te gooi. Nou sal Mamma Muis mooi kan sien hoeveel pom-poms sy het. *(Laat maats genoeg **pom-poms** deur 'n **2 liter koeldrankbottel** se nek gooi. Pom-poms kan ook afgetel en/of met knypers opgetel word. Sit die pom-poms voor Mia se foto.)*


Toe Mollie klaar die pom-poms in die houer gegooi het, druk hy sy handjie 'n laaste keer in die boks. Mollie begin glimlag, want in sy handjie voel hy iets waarvan hy sommer baie hou! Dit is 'n groot bol **soutklei** wat mamma vir hom gemaak het! Hy het gewonder waar dit is! Mollie gaan sit net daar op sy boude en begin met die klei 'n kleiman maak wat soos sy pappa lyk. Hy maak 'n kop, arms en bene. *(Gee vir maats soutklei en laat hulle eie "pappa" maak!)*

Tematafels moet **ERVAAR** word...



# TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

Toe Mollie klaar met die klei gespeel het, roep Mamma Muis hom.  Sy het vir hom en Mia Muis heerlike **Marie-beskuitjies** uitgehaal.  Sy het ook vir hulle **versiersuiker en verskillende lekkers** uitgehaal sodat hulle lekker kon speel en eet.  Mollie gaan was sy handjies en kom sit by die tafel.  Net daar en dan besluit hy om sy familie se gesiggies op die beskuitjies te bou! *(Gee vir maats Marie-beskuitjies, aangemaakte versiersuiker en lekkergoed soos Smarties [vir ogies] en Jellytots [vir neusies] waarmee hulle gesinslede/'n gesinslid kan maak!)*









# Mamma Muis


Pappa Muis




# Mollie en Mia Muis

# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*


## Dag 1 en 2





Families kan oumas en oupas hê. Oumas en oupas is mamma en pappa se ouers.
Families kan mammas en pappas hê.
Families kan boeties en sussies hê. Sommige boeties of sussies sal ouer en ander weer jonger wees.


## Dag 3 en 4





Families verskil. Party families het byvoorbeeld net 'n mamma en ander het net 'n pappa.
In party families is daar meer sussies en in ander is daar weer meer boeties.
Dit maak nie saak hoe ons families lyk nie, solank ons almal lief vir mekaar is.

## Dag 5



Sommige maats bly by hul oupas of oumas of dalk by ander ooms of tannies.
Partykeer word hierdie maats "aangeneem". Dit beteken dat hulle voogde hulle as hul eie kinders *gekies* het.
Dit maak nie saak hoe ons families lyk nie. Om 'n familie te hê is 'n voorreg.

# TEMA-LES

## *Familielede*

# DAG 1-2

Juffrou vra vrae om te bepaal wat kleuters se voorkennis is. Juffrou vra vir maatjies of hulle weet wat 'n "familie" is.

Verduidelik dat 'n familie kan bestaan uit:

- oumas en oupas (pappa en mamma se ouers),
- 'n mamma en pappa,
- boeties en/of sussies,
- tannies en ooms (pappa en mamma se boeties en sussies), en
- neefs en niggies (jou ooms en tannies se kinders).

Ons families is baie kosbaar. Ons moet hulle oppas en vir hulle lief wees. Dit beteken dat ons nie op hulle moet skree of hulle moet slaan of seermaak nie. Ons moet ook nie vir hulle jok nie en ons moet luister as pappa, mamma, ouma en oupa praat. As families mekaar seermaak is dit baie lelik.

### Kritiese denke

- Hoe wys mamma vir my dat sy vir my lief is?
- Hoe wys pappa vir my dat hy vir my lief is?
- Hoe wys ek vir mamma en pappa dat ek hul liefhet?

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | |
|---|---|---|
| Ouma/ Oupa | Tannie | Weeshuis |
| Mamma | Oom | Lief |
| Pappa | Neef | Sorg |
| Boetie | Niggie | Veilig |
| Sussie | Aangeneem | Gelukkig |

## *Families verskil*

# DAG 3-4

Families verskil. Party families het byvoorbeeld 'n mamma en 'n pappa. Ander families het weer net 'n mamma en kinders. Hulle het nie 'n pappa nie. Sommige families het weer nie mammas nie. Soms het maatjies 'n mamma en 'n pappa wat in verskillende huise bly. Maatjies gaan kuier dan vir hulle mammas of pappas. Maatjies kan ook partykeer by hulle oumas en oupas of by hulle ooms en tannies bly. Dan is daar ook maatjies wat *aangeneem* is. Dit beteken die mamma het nie geboorte gegee aan daardie maatjie nie, maar dat daardie mamma en pappa daardie maatjie gekies het om hulle kind te wees. Sulke mammas en pappas is ook baie lief vir hulle kinders.

Dit maak nie saak hoe ons families lyk nie; solank hulle vir ons lief is, vir ons sorg en ons veilig hou, is ons gelukkig. Daar is kinders wat nie mammas en pappas het nie en in kinderhuise of weeshuise moet bly.

### Kinestetiese leer

Laat maats om die beurt gesels oor hul familie-strukture en lede. Beklemtoon ooreenkomste en lig vir maats uit hoe gelukkig hulle almal is!

# TEMA-LES

*Familie-verhoudings*

# DAG 5

Ons het reeds geleer dat familie kosbaar is en dat ons baie gelukkig is as ons families het. Nie alle maatjies het families nie. Dit is hoekom ons die familie wat God vir ons gegee het moet opppas. Dit beteken ons moet:

- nooit vir hulle skree nie,
- nooit met hulle lelik praat of hul slegte woorde soos “dom” of “vet” noem nie,
- hulle nie met goed gooi nie,
- hulle nie slaan of seermaak nie,
- luister as mammas, pappas, oumas, oupas of ooms en tannies met ons praat, en
- met ons boeties en sussies of nefies en niggies deel.

Families is sommer baie lief vir mekaar en is daar vir mekaar. Ons kan dit sien aan die manier waarop hulle mekaar behandel.

## Kritiese denke


- Mag ons kwaad vir ons families word?
- Wanneer mag ons vir familie kwaad word?
- Hoe gemaak as ons vir iemand in ons familie kwaad is?




Maats moet weet hoe gesonde verhoudings lyk!

## Knip, plak, manipuleer en inkleur

Kleur vir ouma en oupa in en gebruik dan dun verpakkingstou om ouma en oupa se brille te "omraam". Maats kan die tou eers in kleursel rol dat hulle brille lekker kleurvol is. Watte kan ook op ouma en ouma se hare geplak word.






## Verf en plak

Laat maats roomysstokkies verf. Maats moet dan fotos van pappa, mamma, hulself en boeties of sussies op die onderskeie stokkies plak (lig ouers vorige dag/ week in om fotos saam te stuur). Laat maats dan hulle stokkies voor die onderstaande husie plak.



## Druk, mik, "verf" en kleurvermenging

Help maats om vingerafrukke in gekleurde ink of verf te maak. Aan die linkerkant van die boom moet daar BLOU afdrukke vir pappa se deel van die familie-stamboom" gemaak word (ouma, oupa, pappa). Aan die regterkant moet PINK afdrukke gemaak word vir mamma se deel van die "familie-stamboom". Maats moet volgende hul afrukke in beide die blou en pienk druk en PERS afdrukke op die boomstam in die middel af maak om hul gesin uit te beeld.




## Inkleur

Laat maats Gawie Groen bloot met groen kryte inkleur.


# Gawie-Groen





## Manipuleer en druk

Laat maats die nommer een met BLOU, die nommer twee met ROOI en die nommer drie met GROEN klei op die gedrukte nommers vorm. Help maats ook dan om die gevormde nommers in die korrekte numeriese orde van een tot drie uit te pak. Volgende kan klei-slange op die sirkels se buite-lyn gevorm word.



## Benodighede

Boontjiesakkies
Ballon
Balle
Gekleurde vorms
Houer
Rakket
Hoepels
Tennisballe
Tou
Kegels

### Opwarming

- Speel “Simpel Simon Says” met maats maar vervang die frase met “Mollie Muis sê”. Laat maats telkens aan hul arms, bene en ander liggaamsdele raak.

### Balans

- Laat maats afsonderlik vir drie sekondes op hul linker en regterbene staan.
- Laat hul op hul nou op een been staan en ’n bal vang.
- Plaas hoepels links, voor en regs van kleuters. Laat hul nou op een been staan en boontjiesakkies in die onderskeie hoepels gooi.

### Ruimtelike oriëntering

- Plaas twee hoepels weerskante van die gras en pak vorms tussen die twee hoepels uit. Maats moet hardloop en boontjiesakkies van die een hoepel na die ander verplaas sonder om aan die vorms te raak. Pak die vorms lekker naby aanmekaar sodat dit vir maats uitdagend genoeg is.
- Herhaal dieselfde aktiwiteit maar nou moet kleuters slegs op die vorms beweeg en sakkies van een hoepel na die ander verplaas. Versprei die vorms nou weer bietjie verder van mekaar af.

### Lateraliteit - kontralateraal

Laat maats plat op hul ruggies lê:

- Rugligging: Laat maats hul regterarm en linkerbeen gelyk sywaarts beweeg.
- Rugligging: Laat maats hul linkerarm in die lug opsteek en hul regterbeen gelyktydig sywaarts beweeg.

### Koördinasie

- Maats moet ’n ballon met ’n ligte rakket in die lug hou.
- Plaas twee van dieselfde vorms ’n meter uit mekaar. Laat maats die bal met ’n rakket telkens tussen twee ooreenstemmende vorms dribbel.
- Plaas kegels elk met ’n tennisbal op in ’n reguit ry. Laat maats telkens die tennsballe met die rakket afslaan. Let op maats se slaan-aksie.

### Afwarming

- Laat maats op hul ruggies lê en diep in- en uitasem terwyl hulle saam met juffrou tot by vyf tel. Herhaal drie maal.

# Deurskynende ink word sigbaar - Sure en hitte

Deurskynende ink kan gebruik word om geheime boodskappe mee te skryf. Maats kan die deurskynende ink gebruik om vir een van hul familielede 'n hartjie te teken!




## Benodighede

- Wit papier
- Suurlemoensap
- Haardroër of kers (kers vat langer om die hele bladsy te verhit)
- Bakkie
- Oorstokkies (opsioneel)
- Skêr (opsioneel)

## Instruksies

1. Gooi suurlemoensap in die bakkie. Gooi genoeg in dat maats hulle vingers daarin sal kan druk. Oorstokkies kan ook hier gebruik word om mee te teken. Dit bly langer nat.
2. Druk nou maats se vingers of oorstokkies in die suurlemoensap.
3. Laat maats nou hartjies met hul nat vingers of oorstokkies op papier teken. Maak seker maats se vingers of oorstokkies bly nat anders gaan die hele prentjie nie op die papier wys nie.
4. Laat die papier droogword. Blaas dit met die haardroër droog om die deurskyndende prentjie na vore te bring

## Wat het ons geleer?

Sapsure word weens die verhittingsproses uitgebring.

GEHEIME
Boodskappe

